Vir die liefde van mangoes

Die kurator van die Fairchild Tropiese Botaniese Tuin in Coral Gables Florida, Noris Ledesma, het Suid-Afrika besoek aan die begin van 2010. Sy was 'n gas van Westfalia Tegniese diensste en het kom kyk hoe Suid-Afrikaners mangoes verbou en dit geniet.

Sy was baie verbaas oor die hoeveelheid Tommy Atkins waarmee nog geboer word in ons land. Die ander mango produserende lande, soos bv. Peru en Brazil vervang hulle Tommy Atkins met ander kultivars. Tans in Amerika is daar 'n groot aanvraag na geel langerige mango kultivars. Dit kan moontlik toegeskryf word aan die marktoegang na Amerika wat Indië verwerf het met hulle geel Alfonso mango.

Noris was gefassineerd met die Saber mango omdat hierdie mango orals by informele markte verkoop word en daar 'n boom omtrent by elke huis staan. Suid-Afrika se hele mango bedryf rus op die Saber omdat dit hoofsaaklik die onderstam is waarop verlangde kultivars geënt word.

Noris toer die hele wêreld vol om mangoes in ander lande te bestudeer en om hulle versameling van oor die 500 kultivars aan te vul. Sy sien dat almal in die mango bedryf wêreldwyd swaar kry en dat die winsmarge van mango boere maar min is. Ongelukkig is niemand bereid om te deel nie en almal hou hulle eie kennis geheim. Dit is juis nou die tyd om eerder te deel en globaal saam te werk om 'n stewiger mango bedryf vir almal te skep en te bevorder. Dit is dan ook die gesindheid van die Fairchild Tropiese Botaniese tuin om te deel met almal. Dit word alreeds vir baie jare gedoen as 'n mens net dink aan Tommy Atkins, Kent en Keitt wat almal Florida kultivars is wat deur so baie lande verbou word; en geen tantieme word hiervoor gehef nie.

Baie belangrik is dat die ideale mango kultivar nie die redding van die mango bedryf gaan beteken nie. Daar bestaan in elk geval nie die ideale kultivar nie. Dit is eerder baie belangrik om op jou eie plaas te diversifiseer met verskillende kultivars, wat 'n nismark kan verskaf. 'n Goeie voorbeeld is die Pairi mango wat elke jaar besonderse hoë pryse op die lokale mark behaal. Die plaas wat hierdie mango verbou het die staatmakers soos Tommy Atkins en Keitt op die plaas, maar het 'n verskeidenheid ander kultivars wat elk 'n gaatjie toemaak iewerste in die seisoen. Gepaard hiermee gaan dan uitstaande kwaliteit en betroubaarheid as 'n verskaffer van mangoes aan potensiële aankopers.

SAMGA, onder leiding van Theo Bekker, is tans besig om media-skakelwerk te doen waar mangoes bemark word. Nie net vars mangoes nie, maar ook gedroogde mangoes, mango sap en atchar. Hierdie bemarking en die geld wat dit kos sal slegs van waarde wees as die kwaliteit van die onderskeie produkte op standaard is.

Om terug te kom na Noris, gedurende Julie maand (9-11 Julie) hou die Fairchild Tropiese tuin die 18de jaarlikse Internasionale Mango fees. Gedurende hierdie drie-daagse fees sal internasionale kenners en mango liefhebbers hul kennis deel aangaande nuwe kultivars en ander verwante onderwerpe. Indien meer oor hierdie fees en Noris se ondervindinge in Suid-Afrika gelees wil word, besoek

http://www.fairchildgarden.org/LivingCollections/TropicalFruitProgram/blog/

Noris Ledesma, kurator van Fairchild Botanic garden, saam met mango plukkers in 'n mango boord. (Foto: Noris Ledesma)

AFRON

PRUNING AND PICKING SOLUTIONS

PICKING

- Powerful
- Durable, long reach, light weight
- High productivity and efficiency
- Economical
- Unique patented design
- Simplicity, quality, safety
- Quiet, smooth operation
- Field proven

DO NOT STAY BEHIND! Increase your income

Contact : Andrew Thornhill 083 627 0833 **NORTHERN MOTORS**

BLUE DOT GROUP 015 307 7759